higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GASVRYHEIDSDIENSTE
NKR VLAK 2

(11011032)

11 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

488Q1S2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Veilige manier om breekware op te stapel is tot … stukke.

A 5
B 10
C 15
D 25

1.2 ... dui die vereiste maksimum en minimum voorraadvlakke aan.

A Dekking
B Lewertyd
C Pari voorraad
D Raklewe

1.3 Kondimente en bykos kan die volgende insluit …

A Vis en skyfies.
B mengeldrankies.
C bedieningstoerusting.
D suiker en versoeters.

1.4 Verpakking behoort draagbaarheid te verbeter, voedselveiligheid te behou en vervoer te kan deurstaan.

Korrekte verpakking kan dus ook die volgende insluit …

A sneespapier.
B kleefplastiek.
C polistireen.
D tinfoelie.

1.5 … het mates daarop vir afmeting met die vrye hand.

A Drupbakke
B Bedieningsdoeke
C Voorskote
D Maatdoppies

1.6 ... val onder komponente wat van hout gemaak is.

A Spieëls
B Asbakkies
C Klerekaste
D Lampskerms

Kopiereg voorbehou

1.7 Verkrygbaar in poeier-, vloeistof- of pastavorm en word hoofsaaklik gebruik om emalje- en keramiektoilette, wasbakke en sommige porseleinware mee skoon te maak:

A Skuurskoonmaakmiddel
B Neutrale reinigingsmiddel
C Organiese seep
D Ontsmettingsmiddel

1.8 Eenheid wat uit een of meer lampe of elektriese strookverhitters bestaan:

A Drupbak
B Bedieningsdoek
C Ysmasjien
D Infrarooiverhitter

1.9 Voorbereiding voor bediening begin:

A Mise en place
B Table d'Hôte
C Silwer servies
D Á la carte

1.10 Word gebruik om besonderhede van 'n huweliksonthaal aan te teken:

A Notaboekie
B Kontroleblad
C Funksieblad
D Voorraadblad

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Kondimente en bykos moet in 'n droë plek of 'n yskas gestoor word.

2.2 Voedsel moet, waar moontlik, nie bedek word nie om bederwing en hitteverlies te voorkom.

2.3 Verwydering van krummels is die proses wat altyd plaasvind na die hoofgereg se eetgerei afgedek is en voor die nageregbestelling geneem en bedien word.

2.4 EIEU (FIFO) beteken eerste-uit-eerste-in.

2.5 Raak altyd van afval op die korrekte manier ontslae.

Kopiereg voorbehou

2.6 Weggooibare papier, plastiek of ander produkte is ontwerp en bedoel vir eenmalige gebruik waarna dit weggegooi moet word.

2.7 Linne en beddekens kan op die vloer geplaas word as 'n bed opgemaak word

2.8 Breekware wat afgesplinter of gekraak is moet nie uit diens gestel word nie sodat dit gebruik kan word as daar 'n tekort aan items is.

2.9 Kosdeksels moet in warm water gewas, gesaneer en dan luggedroog en gestapel word om gestoor te word.

2.10 Beskermende klere moet gedra word om die werknemer teen besering te beskerm wat deur kontak met skadelike of harde chemikalieë veroorsaak kan word.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf net die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Skuur oormatige vuilheid	A	bleikmiddel
3.2	Verwyder vlekke	B	skuurmiddel
3.3	Verwyder opgehoopte vuilheid en vlekke op spesifieke areas	C	skuurder
		D	poleerder/buffer
3.4	Verwyder opgehoopte vuilheid op teëlvloere en ander oppervlakke en gee dit 'n blink beskermlaag	E	reiniger
		F	saneermiddel
3.5	Mengsel wat alge en bakterieë kan doodmaak en 'n effektiewe vlak van ontsmetting handhaaf	G	ontsmetmiddel
3.6	Gebruik om vuilheid en vet van potte te verwyder	H	drupbak
		I	kelnersvriend
3.7	Vernietig skadelike mikro-organismes	J	matrasoortreksel
3.8	Voorkom vlekke op 'n matras		
3.9	Bestaan uit 'n kurktrekker, botteloopmaker en mes om bier- en wynbottels oop te maak		
3.10	Diep bak bedek met gleufiesdeksel wat ook help in geval van stortsels, wat in die onderste deel van die bak opgevang word		

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Identifiseer elk van die volgende kameruitlegte en gee EEN soort funksie waarvoor dit gebruik kan word:

4.1



4.2



4.3



4.4



4.5



(5 × 2) **[10]**

VRAAG 5

Identifiseer elke van die volgende soorte glasware en dranktoestelle:

5.1 

5.2 

5.3 

5.4 

5.5 

5.6 

5.7 

5.8 

5.9 

5.10 

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die prosedure om 'n bed korrek op te maak. (7)

6.2 Verduidelik hoe 'n waarskuwingsteken moet lyk en waar dit geplaas moet word as 'n area skoongemaak word. (2 + 3) (5)

6.3 Verduidelik hoe belangrik lyftaal is tydens 'n telefoongesprek. (5)

6.4 Vertroulikheid van inligting is baie belangrik wanneer daar met kliënte oor die telefoon gepraat word.

Noem VYF soorte inligting wat NIE aan kliënte bekendgemaak moet word nie. (5)

6.5 Noem DRIE moontlike gevolge indien chemikalieë verkeerd verdun word tydens die skoonmaakproses. (3)

[25]

VRAAG 7

7.1 Onverwagte insidente kan enige tyd voorkom.

Verduidelik kortliks hoe elk van die volgende hanteer moet word:

7.1.1 Beskadigde linne (2)

7.1.2 Ongemagtigde toegang tot stoorruimtes (3)

7.1.3 Laat aflewering van linne (3)

7.2 Bespreek TWEE soorte inkomende oproepe. (2 × 4) (8)

7.3 Identifiseer DRIE soorte beskermende klere wat gedra moet word wanneer 'n gastebadkamer skoongemaak word. (3)

7.4 Verduidelik hoe 'n gas se besittings hanteer moet wanneer die gasteslaapkamer skoongemaak word. (3)

7.5 Verduidelik hoe 'n mens moet optree as daar 'n stukkende teël in 'n hotelportaal is. (3)

[25]

VRAAG 8

8.1 Noem die messegoed of breekgoed wat by die gedekte plekke vir die maaltye hier onder ingesluit kan word.

LET WEL: Dieselfde items kan nie in vrae 8.1.1, 8.1.2 en 8.1.3 herhaal word nie.

8.1.1 Volle Engelse ontbyt (2)

8.1.2 Kontinentale ontbyt (3)

8.1.3 À la carte-maaltyd (2)

8.2 Noem VIER soorte omgewingsbeheerstelsels in 'n restaurant. (4)

8.3 Noem SES soorte skoonmaakmiddels en -toerusting wat in 'n openbare plek gebruik kan word. (6)

8.4 Noem verskillende take vir elk van die volgende tye in 'n Saamneemwinkel wat deur 'n assistent gedoen word om te verseker dat areas skoon en higiënies is:

8.4.1 Voor dienslewering (3)

8.4.2 Gedurende dienslewering (2)

8.4.3 Na dienslewering (3)

[25]

VRAAG 9

9.1 Verduidelik DRIE redes waarom dit belangrik is om op die korrekte manier aandag aan beskadigde messegoed en breekgoed te gee. (3)

9.2 Gee die prosedure om 'n funksiekamer op te vars. (7)

9.3 Bespreek VYF beginsels van persoonlike higiëne wat gevolg moet word om basiese higiëne-risiko's te voorkom. (5 × 2) (10)

9.4 Watter gehaltekontroles moet gedoen word wanneer skoon wasgoed van 'n eksterne wassery ontvang word? (5)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou